Tema: Ontmoet God deur sy Woord en Hy word die begeerte (sentrum) van jou lewe!

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Voorlesing: Ps 119: 57 – 64
Sing Ps 40-2: 7, 8 (Mel van Ps 100)
Voorlesing Ps 119: 97 – 104
Sing Ps 1-1: 1

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 25-1: 2, 6
Votum: Jes 52:7: Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: “Jou God is Koning!”
Seën
Loflied Ps 18-2: 1, 6
Geloofsbelydenis uit NGB artikel 3

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing uit Deut. 6: 1 - 9 en 20 – 25
Sing Ps 119-2: 17, 18, 19
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Psalm 40
Teks: Psalm 40 : 7 - 11
Sing Ps 19-3: 4
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite
Sing Ps 40-1: 4
Seën
Amenlied

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Om God intiem in jou hart te dra en elke dag te leef met die brandende begeerte dat jy die Here wil gehoorsaam, is nie maklik nie! Dit is vir die meeste gelowiges makliker om te dink dat solank ek sekere voorskrifte nagekom het, sekere dinge gedoen het wat die Here van my in sy Woord verwag, dan is my verhouding met God reg en gesond! **Dit is vir ons makliker om uiterlike godsdiens te beoefen as om God waarlik innerlik in ons hart te dra en Hom te gehoorsaam.**

Ons sien dit dwarsdeur die Bybel en ons ervaar dit ook in ons eie lewe. Kain het hierdie fout gemaak, die volk Israel het deur hulle geskiedenis baie keer hierdie fout gemaak en Jesus het dikwels die kerklike leiers van sy tyd gekritiseer omdat hulle ook die fout gemaak het om te dink dat uiterlike handelinge is goed genoeg.

En ek en jy? ..... Het jy ook al agtergekom hoe maklik is dit om te verval in uiterlike godsdiens! Dat ons getrou Bybel lees en bid, Sondae die eredienste bywoon, kleingroepbyeenkomste bywoon, ons dankoffers gee en tog wanneer ek die moeilike besluite moet neem oor ware gehoorsaamheid aan God, dan kies ek so maklik die ander, verkeerde pad! **Die Here, my God en Koning, word so maklik in my hart onttroon deur my eie begeertes en ander versoekinge**! Dit gebeur so maklik dat ’n mens eintlik daarvoor skrik en daaroor skaam word! Maar is ek dan nie ’n gelowige nie, hoe is dit dat ek sou maklik weer ontrou geword het?

Ons begin more met ons jaarlikse fokustyd vir vyf weke. En jy mag kan dalk wonder oor die sinvolheid of noodsaak van ’n fokustyd vir ons gemeente. Sommige mag dalk voel dit is sommer maar net ’n modegier wat nagevolg word of ’n program om lidmate besig te hou.

Brs en srs, die doel van die fokustyd is egter om aan die hand van ’n tema onsself te verdiep in die Woord. Maar dit **gaan om meer as net die uiterlike handeling** van Bybel lees en bid en verdieping in die Woord. Ons wil nie net met God se Woord en met ander gelowiges besig wees nie, **ons wil deur die Woord en gebed met God besig wees. Ons wil die Here ontmoet!**

En daarom is die boodskap vanmore: Ontmoet God deur sy Woord en Hy word die begeerte (sentrum) van jou lewe!

Ware godsdiens is nie om maar godsdienstige handelinge te doen nie – dit is om God as die begeerte van jou lewe te hê! Dit is om God die sentrum van jou bestaan te maak en Hom in alles te gehoorsaam!

Ek wil die boodskap vir ons kinders so bietjie prakties duidelik maak! (Pop en battery)

Hoe gebeur dit dat God die begeerte of sentrum (middelpunt) van my lewe word?

Psalm 40 begin met Dawid wat van vers 1 – 6 vertel van ’n gebeurtenis in sy lewe waar hy diep in die moeilikheid was en hoe die Here hom daaruit gered het. Nou sing hy oor die wonderlike krag en genade van die Here en hoe die Here hom uitgered het! **Dit gebeur baie keer ook so in ons lewe**!
Dat die Here deur een of ander ingryp in ons lewe weer opnuut so groot voor my kom staan dat ek nie anders kan as om Hom te erken as my Here en my God nie! **In in die oplewing van die gebeurtenis word die Here vir my alles!** Miskien ’n groot siekte of ongeluk waardeur die Here jou gelei het! Miskien wonderlike uitkoms uit finansiële nood of een of ander saak waarin die Here wonderlik beskik het!

Maar Dawid weet dat sulke gebeurtenis ’n tydelik opflikkering is in my verhouding met die Here en dat ons baie maklik in vir verloop van die lewe weer maar verval in ’n flouerige verhouding met die Here en in uiterlike godsdiens! Dat ons die godsdienstige dinge doen, maar dat die Here nie waarlik in die sentrum van ons lewe is nie. **Daarom beskryf Dawid in verse 7 – 11 wat ware godsdiens is en hoe die Here Homself so as die begeerte van ons lewe openbaar en sy plek so in ons lewe kom inneem!**

Ons teksverse teken die Godsopenbaring pragtig pragtig! Kyk saam met my in jou Bybel:

1. **In vers 7 staan daar dat uiterlike godsdienstige handelinge nie goed genoeg is nie!** Dit is nie wat die Here wil hê nie. <u>In daardie tyd</u> moes die volk die Here by die tabernakel gaan aanbid en hulle moes ’n hele klomp offers bring! Maar dit is nie ware godsdiens nie! Die Here wil dat ons **deur hierdie godsdienstige handelinge leer om God waarlik te ken en te gehoorsaam**! **<u>Daarom staan daar letterlik: die Here het vir ons ore gegrawe</u>! God het vir ons ore gegee sodat ons sy Woord kan hoor en dit kan gehoorsaam! Gehoorsaamheid aan die Here is ware godsdiens! Om God se wil te ken moet ons God persoonlik leer ken!**

2. **In vers 8 leer die Here ons dat ons Hom persoonlik leerken deur sy Woord.** As Dawid hier sê dat hy “hier gekom het” soos dit deur die boekrol vir hom voorgeskryf is, verwys het na die boekrolle van die Wet waardeur die Here met die volk gepraat het – in ons taal: die Bybel – en hulle geleer het dat hulle die Here deur die Bybel moet ontmoet! Dit het hulle uiterlik gedoen deur by die tabernakel die Here te gaan aanbid. Soos wat ons vanmore hier in die erediens doen! **Maar die bedoeling is: deur die Woord en deur die erediens moet ons God ontmoet! Deur die Woord kom ons in gemeenskap met die lewende God!**

Hoe kan swak en sondaar mense God so intiem leer ken en in sy teenwoordigheid lewe? Alleen maar omdat die offers van Dawid en die mense van die ou tyd nie ware volkome versoening met God kon bewerk nie! **Christus moes kom en my sy offer aan die kruis hierdie ons so in intieme gemeenskap met God bring!**
In Hebreërs 10 word vers 7 – 11 van Ps. 40 aangehaal en op Jesus se offer van toepassing gemaak! Dat Jesus die een was van wie in die Ou Testament geskryf is, dat Hy gekom het en dat **Sy enigste begeerte was** om gehoorsaam aan sy Vader te wees! Christus se enigste wens en begeerte was om God se wil te doen en ons met God te versoen sodat ons so intiem met God kan lewe! Dat Hy in ons harte kan woon en die sentrum van ons lewe kan wees.

Op 'n keer het Jesus dit self so uitgedruk in Joh. 4 : 34: "Maar Jesus het vir hulle gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi."

Br en sr en liewe kinders: Jesus het jou so persoonlik by God gebring! Hy het vir al jou sonde betaal en Hy het aan jou 'n nuwe hart gegee: dit beteken: nou het jy die wil en die begeerte dat God die middelpunt van jou bestaan moet wees! **Om te weet dat ek vergewe is, dat God my liefhet en dat God my persoonlik ken en in my woon en leef – dit is 'n oorweldigende besef! God wil nie nou net dat ek dinge vir Hom doen nie – Hy sit op die troon van my hart, Hy is my een en al!**

3. **Br en sr en liewe kinders, wie die Here so leerken, wie God so in Christus so ontmoet se hart word gevul met een begeerte: en dit is om God se wil te doen!** Om God te gehoorsaam! Ware gemeenskap met God verander my in so 'n mate, dat om God se wil te doen, die grootste begeerte en dryfkrag in my lewe word. Dit is wat vers 9 ons leer!

Letterlik staan daar: God se wet is in die middel van my maag, my ingewande: dit vorm die sentrum van my bestaan! Soos **die battery in die pop van binne die pop beheer – so beheer God van binne my verhouding met Hom en my lewe in gehoorsaamheid.**

Br en sr, nou die vraag wat my en jou voor die teks stel:
Is dit ook hoe jy die Here ontmoet wanneer jy die Bybel lees en bid? Is dit wat gebeur wanneer jy die Here hier in die erediens ontmoet? Ervaar jy die wonder dat Jesus jou so persoonlik voor die Vader kom stel het! Dat jy hierdie persoonlike verhouding met God kan hê en dit daagliks beleef?
Dat Hy jou en my enigste begeerte is ! Brand dit ook hier in ons dat God die sentrum van my bestaan moet wees en dat ek Hom in alles wil gehoorsaam? Dat ek soos Jesus kan sê: ek het eintlik nie kos nodig nie- want in my maag – wat my vervul en my versadig is om die wil van God te doen! God is in die middel van my maag!

Nou is geloof nie maar die doen van ’n paar uiterlike godsdienstige handelinge nie, dit is ’n lewe met God. En die wonderlike genade van God gaan nog verder **omdat God, die Heilige Gees, hier in ons woon! Hy verander my wil en gee my die begeerte dat God die sentrum van my bestaan word**! Hy laat my antwoord op God se liefde! Hy help my om my eie begeertes, die versoekinge van die satan en die begeerlike dinge van die lewe uit my hart te weer, sodat ek die Here liefhet en Hom van harte wil gehoorsaam!

4. **Wie so in gemeenskap met God lewe, kan nie anders as om daaroor te getuig nie! Dit leer vers 10 en 11 ons**. Wanneer die Here op die troon van my hart sit en ek elke dag persoonlik met die Here lewe en sy wil my brandende begeerte is, dan kan ek nie anders as om vir ander daarvan te vertel nie! Het Jesus nie gesê: waar die hart van vol is loop die mond van oor nie? As God my enigste begeerte is, dan sal my lippe daarvan oorloop! Dan sal ek vertel – hier in die gemeente – maar vir elke mens met wie ek te doen kry – hy of sy sal weet: in hierdie mens se hart woon God! Ek kan dit sien omdat hy of sy doen wat die Here sê en ek kan dit hoor want hy of sy praat altyd daaroor!

Met God as die enigste begeerte van jou lewe, kan jy ook die lewe voortsit met vaste geloofsvertroue! Dawid dink vanaf vers 12 tot aan die einde van die psalm weer oor die lewe en al sy uitdagings maar nou met ’n vaste vertroue in sy hart dat God sal help en red! Daarom is hierdie gebed van vers 12 tot 18 ’n gebed van vaste vertroue in God vir alles in my lewe! ’n Lewe sonder vrees, sonder bekommernis want God is in my hart! Ek kan niks doen nie – maar God is my hulp en my Redder!

Geliefde brs en srs, ontmoet God dan so deur sy Woord en mag Hy die begeerte van jou lewe wees! God wil nie net deur jou uiterlike godsdienstige handelinge gedien word nie – Hy wil die sentrum van jou lewe wees! Dit is wat sy Woord ons leer!

Mag die Here gee dat hierdie verse in ons fokustyd vervul word in elke lidmaat/groep wat deelneem sodat ons saam kan bely: “diep in my ingewand, waar liefde en ywer brand, draag ek u heil‟ge Wet”.

Amen